UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AFK1503

Oktober/November 2016

## AFRIKAANS VANDAG TAALKUNDE EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE :**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | MEV A ENGELBRECHT | MEV L GRUNDLINGH |
| TWEEDE | DR E LOMBARD | |

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE.**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE.**

**NOMMER ASSEBLIEF ELKE VRAAG EN ONDERAFDELING DUIDELIK EN KORREK.**

# DEEL 1: LUISTER- EN LEESVAARDIGHEDE

**VRAAG 1**

Wat beteken die begrip **Standaardafrikaans**? Noem 'n voorbeeld om die begrip te illustreer (6)

**VRAAG 2**

Waarna verwys die begrip **konnotasie**? Noem 'n voorbeeld om die begrip te illustreer (6)

**VRAAG 3**

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat daarna volg (15)

***Coca-Cola Nooi - (Koos Kombuis)***

Jy het my in die restaurant opgefix
Jy was besig om milkshakes en omelettes te mix
Toe kom ek in, en sê: "Ek's André "
En toe wil jy weet "Is jy lief vir my?"
Ek antwoord "Ek weet nie, ons kyk maar "
"Ek was eintlik net op soek na die naaste Wimpy Bar "
"Ek's joune vir altyd," sê sy, "Check jou, mate!"
en ek scheme by myself "Maar altyd is 'n lang tyd "

KOOR

Jy's my Coca-Cola nooi, my Nescafé kafee
Jy het eers gedink jy gaan altyd met my mee
My Coca-Cola nooi, my Nescafé kafee,
Toe jy wou bly, was die antwoord "Nee!"

"Want ek is nie PFP nie, nee, want ek is nie ANC "
Toe vat ek jou weg na 'n wrede straat,
met graffiti teen die mure en haat
Snags is daar bendes en polisie wat baklei,
maar steeds klou jy soos 'n label aan my sy
"Some say love, it is a river,"
maar hier is saamwees stomper as 'n razor
"How's *your hand* ol' mate? Rook nog 'n pyp,
want die's mos die flip side van die Fairest Cape

[ ]

**[BLAAI OM]**

**Vrae:**

3 1 Dink jy die taalgebruik in hierdie teks is gepas? Motiveer jou antwoord (3)

3 2 Watter drie bekende handelsmerke (*trademarks*) word in die teks genoem? (3)

3 3 Wat beteken die woord 'nooi' in die teks? (Meisie / Kelnerin / Vriend) (2)

3 4 Skryf een aanhaling uit die teks neer wat aandui dat die area gevaarlik is (2)

3 5 Wat is die Standaardafrikaans vir die volgende woorde? (3)

3 5 1 'milkshakes'
3 5 2 'mix'
3 5 3 'scheme'

3 6 Kyk na die konteks van die sin "want die's mos die flip side van die Fairest Cape" Dink jy die woorde "flip side" verwys na iets positief of iets negatief? (2)

**VRAAG 4**

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld *4 1 betekenis* (8)

4 1 Wanneer ons so luister dat ons die werklike betekenis van woorde begryp, eerder as om net na die woorde te luister, noem ons dit (informatiewe luister / generatiewe luister / degeneratiewe luister)

4 2 Die spreker of luisteraar se houding tydens 'n gesprek is 'n aspek van (konteks / intertekstualiteit / bondigheid) in kommunikasie

4 3 Denotasie verwys na die (figuurlike / onderliggende / feitelike) betekenis van 'n woord

4 4 Oogkontak is deel van (kommunikatiewe / nieverbale / verbale) kommunikasie

**[35]**

# DEEL 2: LEESVAARDIGHEDE -EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

**VRAAG 1**

Beantwoord die volgende vrae deur aan te dui of die stellings WAAR of VALS is Skryf slegs die vraagnommer en 'Waar' of 'Vals', byvoorbeeld 1 1 Vals (20)

1 1 'Kontreitaal' verwys na die sprekers van 'n bepaalde streek

1 2 Om 'n gedig voor te lees is 'n vorm van nieverbale kommunikasie

1 3 Spreektaal is minderwaardig ten opsigte van skryftaal

1 4 Die komma staan konvensioneel tussen twee werkwoorde wat langs mekaar in 'n sin aangetref word

1 5 Die dubbelpunt kan gebruik word om 'n woord in 'n sin te beklemtoon

1 6 Mens gebruik 'n kommapunt om 'n sin af te sluit

1 7 Die belangrikste gebruik van 'n aksentstreep is om 'n gedagte binne dieselfde sin uit te brei

1 8 Dit is belangrik om te weet wat die doel van jou teks is voor jy begin skryf

1 9 Goeie skryfwerk is onder andere skryfwerk wat in 'n gepaste styl geskryf is

1 10 Styl is 'n kwessie van 'korrektheid', eerder as 'gepastheid'

**VRAAG 2**

Noem 5 **nadele** van e-poskommunikasie (10)

**[30]**

**[BLAAI OM]**

# DEEL 3: GRAMMATIKA

**VRAAG 1**

Pas die klanke in blok A by die korrekte fonetiese transkripsies in blok B Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte transkripsie neer, byvoorbeeld 1 1 [e] (10)

| A | B |
|---|---|
| 1 1 <eu> soos in neus | [a ] |
| 1 2 <o> soos in **kos** | [oeu] |
| 1 3 <aa> soos in **raak** | [ø] |
| 1 4 <ou> soos in **blou** | [oey] |
| 1 5 <ui> soos in **kruip** | [ɔ] |

**VRAAG 2**

Wat is die betekenis van die volgende suffikse (agtervoegsels)? Jou opsies is (4)

*soort persoon, iemand wat , sonder, soos*

2 1 -loos (blaarloos, betekenisloos)
2 2 -aard (luiaard, wreedaard)
2 3 -er (bakker, werker)
2 4 -agtig (kinderagtig, bosagtig)

**VRAAG 3**

Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters en leestekens waar nodig

3 1 johan sal jy asseblief die kos gaan koop (3)

3 2 ek moet onthou om vanmiddag botter vleis melk en brood by die winkel te koop (4)

**VRAAG 4**

4 1 Wat is die **voorwerp** in die volgende sin? (2)

Die twee vroue wat daar onder in die straat loop verkoop blomme op Saterdae

4 2 Wat is die **onderwerp** in die volgende sin? (2)

Die baie kwaai en onbeskofte man het my boek gevat

**[BLAAI OM]**

**VRAAG 5**

Kies telkens die regte antwoord tussen hakies Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld 5 1 simpleks (10)

5 1 Die woord *woordeboek* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)

5 2 Die woord *perdestalle* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)

5 3 Die woord *vierslaapkamerhuis* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)

5 4 In die woord *waterbottel* is 'water' die (kern / bepaler)

5 5 Die woord *boeksak* is 'n (simpleks / kompleks)

5 6 Die woord *nagmerrie* is 'n (simpleks / kompleks)

5 7 Die kleinste grammaties waardevolle bousel in 'n woord noem ons 'n (stam / morfeem / wortels)

5 8 Die kleinste deel van 'n woord wat 'n selfstandige betekenis het noem ons 'n (stam / morfeem / wortels)

5 9 Morfeme wat, soos stamme, as die basis vir woordvorming kan dien, maar wat nie selfstandig kan optree nie noem ons (stamme / morfeme / wortels)

5 10 Die 'e' in *dieretuin* is 'n (prefiks / verbindingsklank / suffiks)

**[35]**

**TOTAAL [100]**

©
Unisa 2016